# TELEMATIESE SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

‘n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**GRAAD 12** ‘n Voorgeskrewe gedig

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| 1 | 24/10/2023 | 16h00-17h00 | Gedig: Krisis (Elisabeth Eybers) |

Liewe Graad 12-leerder

Jy is in die laaste jaar van jou skoolloopbaan. Veels geluk en baie sterkte daarmee!

In hierdie telematiese uitsending gaan ‘n les oor die voorgeskrewe gedig *Suiwer wiskunde* aangebied word.

Hierdie Werkboek bevat definisies en voorbeelde van letterkundige middele asook voorbeelde van kontekstuele vrae en ‘n opstelvraag oor die gedig.

Die les sal aangebied word aan die hand van die leerwerk en oefeninge wat in hierdie bronmateriaal saamgevat is.

Bring jou skryfboek vir Vraestel 2 en die Werkboek saam na die Telematiese uitsending. Jy kan die Werkboek ook gebruik wanneer jy vir toetse en eksamens oor gedigte voorberei.

Die sukses van die projek, en ook jou eie sukses, sal afhang van hoe jy aan die onderrig deelneem en hoe jy in jou studietyd verder sal werk aan dit wat in die onderrig na vore gekom het.

Alles van die beste.

C. J. Banda
Senior Kurrikulumbeplanner: Afrikaans (VOO)
Oktober 2022

## INLEIDING

Teen hierdie tyd weet jy al dat elke woord, elke oop spasie en elke leesteken in ’n gedig met ’n bepaalde doel gebruik word. Alles wat in die gedig staan, is dus belangrik wanneer ons wil verstaan waaroor die gedig handel en wat die boodskap van die gedig is.

Wanneer ons ’n gedig ontleed, probeer ons dit ”uitmekaar haal” om sodoende vas te stel hoe alles ”inmekaar steek”.

Om ’n gedig te verstaan, moet jy twee vrae kan beantwoord:

1. WAT sê die gedig?
2. WAARMEE/ HOE word dit gesê?

Die eerste vraag handel oor die **storie/ inhoud**, **tema** en **boodskap** van die gedig. Die tweede handel oor die **literêre middele** wat gebruik word om die storie/ inhoud, tema en boodskap oor te dra.

In toetse en eksamens moet jy veral die volgende t.o.v. literêre middele kan doen:

- **identifiseer/ uitken/herken:** byvoorbeeld *Benoem die beeldspraak/ stylfiguur/ retoriese middel/ klankeffek in versreël 5*.
- **verduidelik wat dit beteken:** byvoorbeeld *Wat beteken die metafoor/ vergelyking/ oksimoron in strofe 2?*
- **verduidelik die funksie** (waarom dit gebruik word): byvoorbeeld *Wat is die funksie van …? Waarom is die .. effektief/ funksioneel?*

Hierdie werkboek bevat definisies en voorbeelde van sommige literêre middele wat in die voorgeskrewe gedigte vir graad 12 voorkom. Jy moet die definisies leer, vasstel in watter gedigte die literêre middel voorkom en wat die funksie daarvan in elke gedig is.

By sommige literêre middele word enkele algemene funksies verskaf. Dit is egter belangrik dat jy moet weet wat die **spesifieke funksie** van ’n literêre middel in ’n bepaalde gedig is.

# TERMINOLOGIE

| Term | Definisie |
|---|---|
| Tema | **Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte van die gedig** |
| Boodskap | Die boodskap is gewoonlik die lewensles wat 'n leser uit die gedig aflei. |
| Halfrym: alliterasie | herhaling van dieselfde konsonant in 'n versreël |
| Halfrym: assonansie | herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël |
| Beeldspraak | **Metafoor, Personifikasie, vergelyking** |
| Kontras/ Teenstelling/ Antitese | Twee dinge met teenoorgestelde betekenisse/eienskappe staan teenoor mekaar. Voorbeeld: die lief en die leed van ons gesin |
| Ironie | **Die teenoorgestelde as wat 'n mens verwag het, word gesê of gebeur** |
| Paradoks | 'n Stelling (gewoonlik in 'n sin of lang frase) wat 'n skynbare teenstrydigheid bevat, bv. *Stilbly is 'n antwoord.* |
| Klanknabootsing/ Onomatopee | **Die gebruik van woorde om klanke na te boots.** *Doef, val die sponskoek op die vloer.* |
| Alleenplasing/ uiteenplasing/ tipografiese skeiding | Woorde word alleen in 'n versreël geplaas |
| Elisie | Letters word weggelaat ter wille van die ritme van die versreël of sodat die versreëls met mekaar kan rym. |
| Herhaling | Dieselfde klanke en woorde kom meer as een keer in 'n versreël of in die gedig voor. Die doel met herhaling is om te beklemtoon. |

# TERMINOLOGIE

| Term | Definisie |
|---|---|
| **Enjambement** | ▪ Dit kom voor wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan<br>○ Dit versteek/verdoesel die rym<br>○ Dit kan die tempo versnel of vertraag<br>○ Dit maak die gedig vloeiend<br>○ Dit suggereer beweging<br>○ Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en tussen strofes. |
| **Klankeffekte** | alliterasie en assonansie, rym, ritme, klanknabootsing |
| **Diksie / Woordkeuse / Taalgebruik** | Digters gebruik gepaste, beskrywende en stemmingsvolle woorde, frases en uitdrukkings in hulle digkuns. Die woordkeuse pas by die tema van die gedig. Diksie kan die houding van die spreker openbaar en kan met die toon in verband gebring word. |
| **Stemming** | Dit is die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste, byvoorbeeld vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, hartseer, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend. |
| **Retoriese vraag** | 'n Vraag waarop die antwoord nie verwag word nie of die spreker beantwoord dit self. |
| **Wending** | Die inhoud van die gedig verander. |
| **Progressie** | Daar is ontwikkeling in die tyd of in die verloop van gebeure of in die verhouding van mense. |
| **Oksimoron** | Twee teenoorgestelde begrippe hou direk verband met mekaar (bv. *Siende blind en horende doof*). |
| **Figuurlike betekenis** | Woorde of frases wat figuurlik gebruik word om 'n sekere trefkrag/effek of konnotatiewe betekenis te hê |
| **Letterlike betekenis** | Die eenvoudigste, mees direkte betekenis van 'n woord (woordeboekbetekenis) |
| **Strofebou** | **koeplet**: 'n strofe wat uit **twee** versreëls bestaan<br>**tersine**: 'n strofe wat uit **drie** versreëls bestaan<br>**kwatryn**: 'n strofe wat uit **vier** versreëls bestaan |

## Gedig en woordverklarings

**Krisis** – Elisabeth Eybers



Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.



Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: Versamelde gedigte. Human & Rousseau en Tafelberg, 1980]

### Woordverklarings

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| krisis | 'n moeilike situasie; 'n oomblik wanneer dinge gaan verander |
| lieflik | mooi; aangenaam |
| afgrond | gevaarlike diepte ("abyss") |
| moeras | 'n modderige stuk grond waar water stilstaan; 'n vlei ("swamp") |
| voortvarend | oorhaastig; doen iets sonder om te dink ("impulsive, overhasty") |
| 'n las | moeite; iets wat jou hinder ("a burden") |
| verwar | deurmekaar maak ("confuse) |
| kermis | 'n fees waar dinge verkoop word ("a fete; a festival") |

# 'n Kort ontleding van die gedig

**Titel:**
Die titel verwys na 'n moeilike situasie; 'n oomblik wanneer dinge gaan verander. Die moeilike situasie in hierdie gedig is die feit dat die hart (emosie) en die hoof (verstand) van mekaar gaan skei.

**Allegorie:**
'n Allegorie is 'n metafoor waarin abstrakte begrippe deur konkrete dinge voorgestel word. In hierdie gedig word die "emosie" en die "verstand" deur die konkrete woorde "hart" en "hoof" voorgestel.

**Uiterlike bou**: Die gedig bestaan uit veertien versreëls en kan as 'n sonnet beskou word. Die veertien versreëls is in twee strofes verdeel. Strofe 1 bevat **agt** versreëls en word die oktaaf genoem. Strofe 2 bevat **ses** versreëls en word die sestet genoem. Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n **Italiaanse sonnet**.

**Strofe 1 (versreëls 1 tot 8):**
Die spreker in die gedig is die hoof (die verstand/denke/rede) en die aangesprokene (persoon met wie daar gepraat word) is die hart (die emosie).

Die spreker praat met haar hart (emosie) asof dié 'n mens is, iemand waarvan sy moet afskeid neem. Sy sê die hart het haar na mooi plekke gelei ("Die weg was lieflik", versreël 3), maar die nuwe pad wat voorlê, gaan nie so aangenaam wees nie; dit sal nou moeilike omstandighede soos "klowe, afgrond en moeras" insluit.

Die emosie (hart) wil nie aanvaar dat hulle moet skei nie en dink nog aan die verlede: "al staar jy terug", versreël 4.

Die emosie (hart) word van vier dinge beskuldig:
- Dit was oorhaastig ("voortvarend", versreël 6)
- Dit was lafhartig ("'n lafaard soos altyd", versreël 6)
- Dit kon nie besluite neem nie ("nooit in staat tot enige besluit", versreël 7)
- Die hart was sieklik ("en siek daarby", versreël 8)

**Strofe 2 versreëls 9 tot 14):**
Hierdie strofe begin met die verskillende ("contradictory") rolle wat die emosie in die spreker se lewe gespeel het: die emosies was die "gas en gasheer" (versreël 9) asook die "seremoniemeester en die nar" (versreël 10).

Die hart het haar nie goeie raad gegee nie. Die hart het trouens die hoof (verstand/ nugter denke) verwar ("confuse").

Die spreker besef laat kom dat "die kermis verby is" (versreël 13), die doellose lewe moet einde kry juis omdat die lewe te kort is ("dit word laat").

Die laaste twee versreëls beklemtoon dat die spreker se besluit finaal is – die verstand en die emosies móét skei.

**Tema en boodskap:**

Die **tema** van die gedig is die **konflik** tussen die **emosie (hart)** en die **verstand/ denke (hoof)**

Die **boodskap** van die gedig is dat 'n mens besluite met jou verstand of jou hart moet neem.

## Kontekstuele vrae

1. Wat beteken die titel van die gedig, en hoe sluit dit by die inhoud van die gedig aan? (2)
2. Wie is in hierdie gedig
   - a) die spreker? (1)
   - b) die aangesprokene? (1)
3. Gee die funksie van die aandagstreep in reël 1. (1)
4. Haal ʼn frase uit reël 1–4 aan wat daarop dui dat die Hart nie die skeiding wil aanvaar nie. (1)
5. Van watter VIER dinge word die hart in strofe 1 beskuldig ? (4)
6. Verduidelik die kontras wat in
   - a) reël 3 – 5 (2)
   - b) reël 6–8 voorkom. (2)
7. Waarop dui die dubbelpunt in reël 10? (1)
8. Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die

   vraagnommer (8) en die letter (A–D) neer.

   die seremoniemeester en die nar (versreël 10) is ʼn voorbeeld van ...

   - A. enjambement.
   - B. inversie.
   - C. metafoor.
   - D. vergelyking. (1)
9. Watter woord in versreël 11 tot 14 sluit by "fees" aan? (1)
10. Haal die kerngedagte uit die sestet aan. (1)
11. Wat is, volgens jou, die tema van hierdie gedig? (2)
12. Waarom word "Hart" en "Hoof" met hoofletters gespel? (1)

## Antwoorde van kontekstuele vrae

1. Die titel verwys na 'n moeilike situasie; 'n oomblik wanneer dinge gaan verander. Die moeilike situasie in hierdie gedig is die feit dat die hart (emosie) en die hoof (verstand) van mekaar gaan skei. (2)

2.
   a) die verstand/ denke / die hoof (1)
   b) die emosie / die hart (1)

3. 'n Verduideliking volg oor wie die "ons" is. (1)

4. al staar jy terug (1)

5. Dit was oorhaastig ("voortvarend", versreël 6)
   Dit was lafhartig ("'n lafaard soos altyd", versreël 6)
   Dit kon nie besluite neem nie ("nooit in staat tot enige besluit", versreël 7)
   Die hart was sieklik ("en siek daarby", versreël 8) (4)

6.
   a) Die pad was aangenaam ("lieflik"), maar dit is nou onaangenaam (langs klowe, afgrond, moeras") (2)
   b) oorhaastig, doen iets sonder om te dink en kan nie besluit nie ("voortvarend" en "nooit in staat tot enige besluit" ) (2)

7. Na die dubbelpunt word die rol wat die hart as nar gespeel het, verduidelik. (1)

8. C/ metafoor (1)

9. kermis (1)

10. Die hart (emosies) en die hoof (verstand) besef hulle kan nie saamwerk/saam besluite neem nie. (1)

11. Die konflik tussen die emosie (hart) en die verstand/ denke (hoof) (2)

12. Dit word as persone voorgestel. (1)

# OPSOMMING VAN VANDAG SE LES

## Opsomming 01

Om ’n gedig te verstaan, moet jy weet:

1. WAT sê die gedig?
2. WAARMEE/ HOE word dit gesê?

## Opsomming 02

Kan jy die literêre middele in ’n gedig uitken, verduidelik wat dit beteken en wat die funksie daarvan is?

## Opsomming 03

Hierdie Italiaanse sonnet bestaan uit ‘n oktaaf en ‘n sestet

## Opsomming 04

Jy moet weet wat die woorde in ‘n gedig beteken

## Opsomming 05

Jy moet die verskillende kontraste in die gedig verstaan.

## Opsomming 06

Leer die funksies van die leestekens in die gedig.